

Alle Paaie lei na Jesus: Jesus bereik God se doel met bepaalde dinge (3)

Alle Paaie lei na Jesus: Jesus bereik God se doel met bepaalde dinge (3)- Adrio König


11.2.3 Die skepping (hoofstuk 4)

Daar is 'n sin waarin Jesus net die skeppingswerk van God verryk. Terwyl ons in die Ou Testament net van God die Vader as Skepper lees, kom Jesus ook as Skepper by in die Nuwe Testament, nie as die Jood Jesus nie, maar as die ewige Seun van God. Sowel Johannes as Paulus sien Hom betrokke by die skepping (Joh 1:1-3, 10; 1 Kor 8:6; Kol 1:16).

Maar Jesus is ook in 'n ander sin by die skepping betrokke. In die Nuwe Testament lees ons dat Hy die doel van die skepping is. Dit is iets wat ook nie in die Ou Testament na vore kom nie. Maar in die Nuwe word hierdie betekenis herhaaldelik aan Jesus toegeskryf. Hy is die einde van alles, maar dan die einde as die einddoel; alles is vir Hom geskape in die sin dat alles op Hom gerig is en in beweging na Hom toe is om hulle doel in Hom te bereik. Ons het onder 4.12.2 gesien daar is nie duidelike uitsprake in die Bybel oor presies wat dit beteken nie, maar ons kan wel iets aflei as ons dink wie God is en hoe Jesus geleef het. En dan staan liefde uit. Ons kan nie regtig daaraan twyfel nie dat God se wil is dat liefde op een of ander manier deel van die funksionering van die hele skepping en die totale menslike samelewing moet wees. En in Jesus se lewe het ons gesien hoe dit werk, hoe liefde lyk.

Die beelde wat in Openbaring 21, 22 gebruik word om iets te

vertel oor die lewe op die nuwe aarde en in die nuwe Jerusalem, skets 'n wêreld en 'n samelewing wat in terme van liefde werk. Die skoonheid, harmonie, vreugde, vrede is 'n appèl aan ons om nou reeds deur die krag van die Gees iets daarvan in die samelewing in te dra.



Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Alle Paaie lei na Jesus (2010) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die die middelpunt van ons geloof: Jesus Christus.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)